e-Nuwe Horison
Jesaja 58:8

"Dan sal jou lig deurbreek soos die dageraad en jou genesing skielik uitspruit; en jou geregtigheid sal voor jou uit gaan, die heerlikheid van die HERE jou agterhoede wees."

6 September 2026

GOD STAP NIE NET VERBY NIE

Openingsvraag:

Ondersteun jy bedelaars by verkeersligte?

SPLAGCHNIZOMAI – MEDELYE IN AKSIE

Splagchnizomai is 'n Griekse woord (σπλάγχνα) wat in die Nuwe Testament gebruik word. Dit is afgelei van die woord "splagchna" wat letterlik "ingewande" of "interne organe" beteken, soos die hart, lewer en longe.

Betekenis en Oorsprong

- Letterlike betekenis: Om diep in jou binneste, letterlik in jou ingewande of innerlike organe, geroer te word (*splagchna*). Om intense medelye of deernis te ervaar wat jou so diep raak dat dit jou tot optrede beweeg.
- Antieke beskouing: Die antieke Grieke het geglo dat diep emosies, soos medelye, liefde en ontferming, in die maag en ingewande gesetel het. Daarom het hierdie woord 'n baie dieper betekenis gehad as bloot om iets emosioneel te ervaar.
- Betekenis vandag: Dit beskryf 'n baie diep en intense gevoel van medelye of ontferming, iets wat jou van binne af aangryp en jou tot optrede beweeg. Dit gaan dus nie net daaroor om iemand se nood van 'n afstand af raak te sien en sleg te voel nie. Dit is 'n medelye wat jou aanspoor om iets te doen en namens daardie persoon op te tree.

Biblehub beskryf dit so: "*Strong's Greek 4697 beskryf dit as 'n emosie wat deur die Heilige Gees gewerk word—'n ervaring waarin jou hele innerlike wese diep geraak en in beweging gebring word om met genade en ontferming op te tree. In die Sinoptiese Evangelies word hierdie werkwoord byna uitsluitlik met die bediening van Jesus Christus verbind, met twee uitsonderings waar dit in gelykenisse voorkom, asook een smeekbede van 'n desperate vader.*"

Strong's Exhaustive Concordance: Have compassion. Middle voice from splagchnon*; to have the bowels yearn, i.e. (figuratively) feel sympathy, to pity - have (be moved with) compassion.*

Teologiese Betekenis

'n Openbaring van God se karakter

Jesus se medelye is nie bloot 'n emosie of 'n gevoel nie. Dit openbaar aan ons wie God is en wys vir ons God se verbondstrou en ontferming in die persoon van Jesus.

Wat die Psalms aan die Here toeskryf, dat Hy "barmhartig en genadig" is, sien ons in die Evangelies in Jesus se optrede. Jesus wys nie net medelye nie; Hy gee dit gestalte deur wat Hy doen. Sy medelye word sigbaar in die manier waarop Hy mense nader, hulle nood raaksien, hulle aanraak en namens hulle optree.

Met ander woorde: wat ons in die Psalms van God se karakter lees, sien ons in die Evangelies deur Jesus se lewe en dade.

Die Nuwe Testament se verstaan van medelye en om vir ander mense om te gee, gaan oor baie meer as net om jammer te voel vir iemand of om raak te sien dat iemand in nood is.

Die Griekse woord splagchnizomai beskryf iets wat diep binne-in jou roer, ’n diep verlange wat jou na iemand toe trek en jou aanspoor om iets vir daardie persoon te doen. Dit beteken om uit jou gemaksone te tree, iets te doen en op een of ander manier ’n verskil in iemand se lewe te maak.

Ons sê maklik: *“Ek het medelye. Ek gee om. Ek sien daardie persoon het hulp nodig.”* Maar dan vra die Here eintlik vir ons: “Goed, wat gaan jy daaromtrent doen?” Want volgens die Skrif is omgee nie net ’n gevoel nie. Omgee vra optrede. Ware medelye beweeg jou om iets te doen. Dit dryf jou, dit spoor jou aan en soms roer dit jou so diep dat jy eenvoudig nie net kan wegkyk en niks doen nie.

Ons lees telkens in die Skrif dat Jesus medelye met mense gehad het, en wat het Hy gedoen? Hy het opgetree. Dit is waaroor dissipelskap gaan: medelye in aksie. Ons moet leer om mekaar met respek, genade, liefde en deernis te behandel en dit hier onder mekaar uit te leef, sodat ons dit ook kan uitleef wanneer ons die wêreld daar buite ingaan, want die wêreld waarin ons leef, kan hard wees.

Dit is ’n wêreld waarin mense mekaar maklik afbreek en waar selfs afknouery ’n vorm van vermaak geword het. Tog kan óns anders wees. Ons kan liefde, vrede en medelye bring. Omgee beteken dat ons nie net iemand se pyn raaksien nie, maar dat ons bereid is om nader te kom en iets te doen. Net soos Jesus Sy dissipels uitgestuur het om genesing en hoop na die wêreld te bring, stuur Hy ook vir ons. Die wêreld het ons nodig. Daar is mense wat wag vir iemand om vir hulle God se liefde, genade en hoop te wys. Medelye is liefde wat nie net voel nie, dit is liefde wat in beweging kom en iets doen.

Skriflesing

Eseg 16:5-6

1953

5 Geen oog het medelyde met jou gehad om vir jou een van hierdie dinge te doen, om vir jou jammer te wees nie; maar jy is op die oop veld gegooi uit afsku vir jou lewe, die dag toe jy gebore is.

6 En Ek het by jou verbygegaan en jou sien spartel in jou bloed; toe het Ek vir jou gesê in jou bloed: Leef! Ja, Ek het vir jou gesê in jou bloed: Leef!

AMP

5 No eye looked with pity on you to do any of these things for you, to have compassion on you; but you were thrown out in the open field, for you were loathed on the day that you were born.

6 “When I passed by you and saw you squirming in your *[newborn]* blood, I said to you while you were there in your blood, ‘Live!’ Yes, I said to you while you were there in your blood, ‘Live!’

- *Die herstel van Israel. God het Israel in die woestyn gekry.*
- *Die Here sê LEEF!*
- *Wanneer is die mens op sy kwesbaarste stadium as mens? Wanneer die baba of kind op doeke is. ‘n Babatjie het sorg nodig.*

1. Die God wat omgee - Splagchnizomai

Gen 3:7-10

1953

7 Toe gaan altwee se oë oop, en hulle word gewaar dat hulle naak is; en hulle het vyeblare aanmekaargewerk en vir hulle skorte gemaak.

8 En hulle het die stem van die Here God gehoor terwyl Hy wandel in die tuin in die aandwindjie; en die mens en sy vrou het hulle verberg vir die aangesig van die Here God tussen die bome van die tuin.

9 Toe roep die Here God na die mens en sê vir hom: Waar is jy?

10 En hy antwoord: Ek het u geruis gehoor in die tuin en gevrees, want ek is naak; daarom het ek my verberg.

AMP

7 Then the eyes of the two of them were opened *[that is, their awareness increased],* and they knew that they were naked; and they fastened fig leaves together and made themselves coverings.

8 And they heard the sound of the Lord God walking in the garden in the cool *[afternoon breeze]* of the day, so the man and his wife hid and kept themselves hidden from the presence of the Lord God among the trees of the garden.

9 But the Lord God called to Adam, and said to him, “Where are you?”

10 He said, “I heard the sound of You *[walking]* in the garden, and I was afraid because I was naked; so I hid myself.”

- *Hoekom het God wat alwetend is gesê: waar is jy? God het geweet daar het ‘n geestelike dood ingetree en het omgegee oor hulle.*
- *God het “splagchnizomai” gehad en weer Homself gegee deur Jesus Christus aan die kruis.*
- *God gee nie op op met die mens a.g.v. sonde nie, Hy is nog steeds ‘n soekende God.*
- *God gee nie op met my nie.*

Gen 16: 11-13

1953

11 Ook sê die Engel van die Here vir haar: Kyk, jy is swanger en sal 'n seun baar, en jy moet hom Ismael noem, want die Here het jou in jou ellende verhoor.

12 En hý sal 'n wilde-esel van 'n mens wees: sy hand teen almal, en almal se hand teen hom! En hy sal teenoor al sy broers woon.

13 Toe noem sy die Naam van die Here wat met haar gespreek het: U is 'n God wat sien. Want sy het gesê: Het ek hier ook gesien na Hom wat my sien?

AMP

11 The Angel of the Lord continued, “Behold, you are with child, And you will bear a son; And you shall name him Ishmael *(God hears),* Because the Lord has heard and paid attention to your persecution *(suffering).*

12 “He *(Ishmael)* will be a wild donkey of a man; His hand will be against every man [continually fighting] And every man’s hand against him; And he will dwell in defiance of all his brothers.”

13 Then she called the name of the Lord who spoke to her, “You are God Who Sees”; for she said, “Have I not even here *[in the wilderness]* remained alive after seeing Him *[who sees me with understanding and compassion]?”*

- *El Roy – die God wat sien.*
- *Ten spyte van Hagar en Abraham se seun Ishmael, is hy geseën.*

Luk 7: 11-14

1953

Die seun van die weduwee van Nain.

11 EN die dag daarna was Hy op weg na 'n stad met die naam van Nain; en baie van sy dissipels en 'n groot menigte het saam met Hom gegaan.

12 En toe Hy naby die poort van die stad kom, word daar net 'n dooie uitgedra, die enigste seun van sy moeder, en sy was 'n weduwee; en 'n groot menigte van die stad was by haar.

13 En toe die Here haar sien, het Hy innig jammer vir haar gevoel en vir haar gesê: Moenie ween nie!

14 En Hy het nader gegaan en die baar aangeraak. Daarop staan die draers stil. En Hy sê: Jongman, Ek sê vir jou, staan op!

AMP

11 Soon afterward Jesus went to a city called Nain *[near Nazareth],* and His disciples and a large crowd accompanied Him.

12 Now as He approached the city gate, a dead man was being carried out—the only son of his mother, and she was a widow. And a large crowd from the city was with her *[in the funeral procession].*

13 When the Lord saw her, He felt *[great]* compassion for her, and said to her, “Do not weep.”

14 And He came up and touched the bier *[on which the body rested],* and the pallbearers stood still. And He said, “Young man, I say to you, arise *[from death]!”*

- *Jesus het die weduwee baie jammer gekry (Jesus se ingewande het geruk)*
- *God stap nie net verby nie. Hy sien nie net haar verlies sonder man en seun nie Hy sien sy het nie meer ‘n toekoms nie.*

Mark 1:40-42

1953

40 EN daar kom 'n melaatse na Hom toe wat Hom smeek en voor Hom op die knieë val en vir Hom sê: As U wil, kan U my reinig.

41 En Jesus het vir hom innig jammer gevoel en die hand uitgesteek en hom aangeraak en vir hom gesê: Ek wil, word gereinig!

42 En toe Hy dit sê, het die melaatsheid hom dadelik verlaat, en hy is gereinig.

AMP

40 And a leper came to Him, begging Him and falling on his knees before Him, saying, “If You are willing, You are able to make me clean.” *[Matt 8:2-4; Luke 5:12-14]*

41 Moved with compassion *[for his suffering],* Jesus reached out with His hand and touched him, and said to him, “I am willing; be cleansed.”

42 The leprosy left him immediately and he was cleansed *[completely healed and restored to health].*

- *Die melaatse het vir Jesus gevra of Hy hom wil genees? En Jesus het gesê Hy wil.*
- *Daar was ‘n wet van melaatses dat Jesus onrein geklassifiseer kan word as HY die melaatse aanraak, nogtans raak Hy hom steeds aan. Hy stap nie net verby nie.*
- *LEEF: Liefde, Empatie, Ewige verbond en Eie Seun gegee, Finale sê oor my lewe lê by God asook om te leef is ‘n Fees. God sê LEEF!*

Belofte

Matt 9: 36

1953

En toe Hy die skare sien, het Hy innig jammer gevoel vir hulle, omdat hulle moeg en uitgeput was, soos skape wat geen herder het nie.

AMP

When He saw the crowds, He was moved with compassion and pity for them, because they were dispirited and distressed, like sheep without a shepherd. *[Zech 10:2]*

- *God het die mens innig jammer gekry!*
- *Hy kyk na ons Horison groep en tel die hare van ons hoof en stap nie verby nie!*
-

Gaan My Nie Verby, O Heiland - Lirieke

Gaan my nie verby, o Heiland,
gaan my nie verby!
Wyl U ander seën, Heiland,
seën nou ook my!

Koor:

Jesus, Heiland,
wees my nou naby,
wyl U ander seën, Heiland,
seën nou ook my!

God stap my nie verby nie